LANGEBAAN BELASTING BETALERS EN INWONERS VERENIGING

2010/2011 G.O.P – INSETTE

A) BASIESE DIENSLEWERING EN INFRASTRUKTUUR:

Implimenteer n herseel program vir alle strate in Langebaan.

Oostewal straat deproklamering en ontwikkeling:

1. Steen en klip afgewerkte Langebaan verwelkomings bord op die draai langs stortings terrein.

2. Verkeers sirkels te kruisings met verhewe voetoorgange.
   i) Oostewal en Jan Ellefsen (Leentjiesklip pad)
   ii) Oostewal en Antonio Sieni straat
   iii) Oostewal en Sleigh straat
   iv) Oostewal en Bree straat

3. Aanbring van randstene aan beide kante van Oostewal straat met n fietsrybaan aan beide kante van die pad.

4. 'n Geplaveide voetgangerpad aan die weste kant van Oostewal straat agter die palmboom laan.

5. Beton sitbanke (x 5) langs die voetgangerpad langs Oostewal straat vanaf Bree na Antonio Sieni straat.

6. Beton sitbanke op die grasperke voor die biblioteek(x 2)

7. Verhewe voetoorgang te Oostewal en Alabama kruising.

8. Geplaveide parkering oorkant Spar voor die informele handels area.

9. Geplaveide parkering op die suidoostelike hoek van die Oostewal en Bree straat kruising.

Bree straat ontwikkeling:

1. Verhewe voetoorgang aan die westelike einde van Breestraat vanaf die Driftwoods kant oor die verkeerseiland na die publieke toilette.

2. Beton sitbanke (x 3) aan wes einde van Bree straat.

Alabama straat ontwikkeling

1. Geplaveide ontspannings area aan wes einde van Alabama straat tussen sleephellings

2. Beton sitbanke te Alabama straat sleephelling (x3)

3. Geboude straatnaam aanwysers te kruising Oostewal en Alabama en Hoof straat en Alabama straat (Hierdie model kan oral in die dorp op hoofverkeers wee aangebring word.

4. Plaveisel op parkeer areas weerskante Alabama straat.

Publieke vervoer:

1. Bou van n taxi staanplek te hoek van Jan Ellefsen en Hoof straat te Erf 1-15

2. Bou van publieke toilette te taxi staanplek

3. Bou van n werkersdienskantoor te taxi staanplek

4. Ontspannings fasiliteite (beton banke, skadu bome) te taxi staanplek.

Bulk dienste

Stormwater stelsels

1. Daarstel van n werkbare stormwaterstelsel in Langebaan met die oog op waterherwinning .

2. Daarstel van n buffer sisteem om te verhoed dat riool stortings in die omgewing opeindig. (Geslote stelsels)

3. Dreineringstelsel van Vondeling straat en Malgas straat.

4. Dreinerings stelsel vir Noord , March en Manatokka straat.

Rioolstelsels:

1. Verskuiwing van rioollyne en stelsels naby strande na 100 meter vanaf kuslyn gebied.

2. Opgradering van telemetriese stelsels na alle rioolpomstasies.

3. Opgradering van alle elekrtiese pompstelsels.

4. Voorsienning vir rioolpomp reserwes.

5. Onderhoud en opgradering van riool stelsel te Erf 2111

Stortings terreine

1. Oorlaai stasie met "skip houers" te stortingsterrein ingang.

2. Elektroniese hek en toegangsbeheer by stortingsterrein ingang.

3. Rommelvangnette te oorlaaistasie.

4. Klip en beton vergruiseraanleg te stortings terrein

5. Plantaardige material versnipper aanleg te stortingsterrein.

6. Gebruikers vriendelike glas,plastiek en papier herwinningshouers te Langebaan informele handels terrein,Seaviewpark,Lagoona Mall en Club Mykonos.

7. Genoegsame mobiele SBM vullishouers.(Vierbin stelsel)

Verkeersstelsels

1. Gebruikersvriendelike informasie borde en rigtingaanwysings borde.

2. Deeglike en duidelike straatnaam aanwysers.

3. R27 / SSK Rigting aanwyser te Park rylaan en Sunbird kruising

B) EKONOMIESE ONTWIKKELING

Ligte kommersiele sone :

1. Daarstel van n ligte kommersieele sone (park) buite Langebaan op die gedeelte Septembersklip langs stortings terreine.

2. Uitleg, diens en ontwikkeling van klein ligte industriele erwe (500 tot 1500 m/2 erwe)

3. Finalisering van Langebaan Ruimtelike Ontwikkelings Plan

4. Herlewing van Hoofstraat as n toerisme wandel en fietsrylaan met n toerisme georienteerde besigheidskarakter.

5. Voorwaardelike vervreemding van informele handelsarea gronde vir die skep van n toerisme vriendelike besigheidssentrum.

6. Ondersoek die daarstel van n inligting sentrum en kunsstalletjies

C) SOSIAAL MAATSKAPLIKE ONTWIKKELING

1. Identifisering en daarstel van middelinkomste behuising erwe van 300 - 500 m².

2. Uitrusting en personeel vir werkershulp kantoor te taxi staanplek.

3. Algemene onderhoud op biblioteek gebou bv. verfwerke en kewers in hout deure.

4. Rakke, liaseerkabinette, tafels, kennisgewingsborde, rakgidse vir biblioteek gebou.

5. Onderhoud op lugversorging vir biblioteek gebou.

6 Nuwe meubelement vir biblioteek

7. Rekenariseer die biblioteek met internet toegang en WiFi fasiliteite.

8. Opgradering en omskakeling van Seabreeze park se dag kampeer terrein na n karavaan en tente staanplek.

9. Ondersoek die bekomming en daarstel van 'n museum.

D) GESONDE EN VEILIGE OMGEWING

1. Permanente verkeers en wetstoepassings beampte werksaam en woonagtig te Langebaan.

2. Beveiliging van Erf 2111 in terme van omheining te wit grondpad.

3. Skoonmaak en onderhoud van Langebaan water reservoirs op n jaarlikse basis.

4. Daarstel van n stelsel wat as buffer kan dien sodat riool stortings nie in die omgewing beland nie. Retensie strukture om rioolpompe.

5. Omheining van Erf 1-3 se duine area.

6. Afkamping van duine te Erf 1-13.

7. Die opbreek en rehabiltasie van die Seabreeze Park karavaan staanplekke aan die noordekant van Erf 1-12 (die gedeelte wat jaarliks wintermaande onder water staan).

8. Onderhoud en opknapping van Langebaan Gemeenskaps Saal te Sufferen straat.

9. Onderhoud en opknapping van Seabreeze saal.

10. Oordeelkundige en strategiese plasing van vuilgoed houers.

11. Goedkeuring van n voertuig valhek te suid einde Uitsigstraat (Erf 596-2)

12. Houtpaal versperrings te oostelike hoek van Antonio Sieni en Oostewal straat.

13. Houtpaal versperrings te kruising Oostewal en Sleigh straat

14. Openbare toilette te wes einder March straat.

15. Installering van waterbesproeiings stelsels te Karavaan parke.

E) BEWAAR EN BESTUUR VAN NATUURLIKE OMGEWING

1. Skoonmaak en onderhoud van dam te Erf 1-2

2. Skoonmaak en onderhoud op stormwaterkanaal te Erwe 1963 en 1964

3. Ontwikkeling van natuurpark te Erf 1-2

4. Bome aan Bree straat noord einde.

5. Plant van Bome te Oostewal straat vanaf Bree na Uitsig straat

6. Voetganger “boardwalk” vanaf Erf 1-17 na Bree straat voor Scapensight wooneenhede.

6. Plante en tuin te oostelik hoek van Antonio Sieni en Oostewal straat.

7. Bou van voetganger paadjies te Erf 2111 na strand gebied.

9. Beton plant houers te verkeerseiland in Bree straat.